Vors

Les 1: Geduld

Doel: Om die waarde van geduld aan die kinders prakties te demonstreer en aan Dawid se lewe te koppel.

Voorbereiding: Vir elke kind: Vries 'n stokkielekker binne in 'n ysbakkie, dop dit uit en plaas in 'n plastiek bakkie.

Aktiwiteit: Gee vir elke kind 'n bakkie met die opdrag dat hulle die stokkielekker mag eet sodra die ysie heeltemal gesmelt is.

Aanbieding: Wie van julle moes al lank by die skool wag vir jou ma om jou te kom haal? Wie moes al lank wag vir 'n present wat jy graag wil hê? Ek weet van nog iemand wat omtrent 20 jaar moes wag vir iets wat hy baie graag wou hê.

Inleiding: Kry een van die kinders om soos 'n koning op 'n troon te sit, kroon hom en hang 'n mantel om. Die kind sit die hele les lank op die troon terwyl die storie vertel word.

Bybelverse:

1 Sam 16:12-13

12 Isai het vir Dawid laat kom. Dawid het baie gesond gelyk. Hy het mooi oë gehad en hy kon goed sien. Die Here het gesê: "Jy moet opstaan en hom salf, want hy is die regte een."

13 Samuel het die horing met die olyf-olie daarin geneem en hy het vir Dawid gesalf. Sy broers het dit gesien. Die Gees van die Here het van daardie dag af in Dawid gekom. Samuel het gereedgemaak en teruggegaan na Rama.

2 Sam 5:1-5

1 Die leiers van al die stamme van Israel het na Dawid toe gekom in die stad Hebron en hulle het vir hom gesê: "Jy weet ons is jou mense.

2 Toe Saul ons koning was, het jy ook vir Israel in die oorlog gelei, en die Here het vir jou gesê: "Jy moet 'n herder wees vir my volk Israel, jy moet koning wees oor my volk Israel."

3 Al die leiers van Israel het na die koning toe gekom in Hebron. Koning Dawid het met hulle 'n ooreenkoms gemaak by die tempel in Hebron. Hulle het vir Dawid gesalf om koning te wees oor Israel.

4 Dawid was 30 jaar oud toe hy koning geword het en hy was 40 jaar lank koning.

5 In Hebron het hy sewe jaar en ses maande regeer oor die Juda-stam en in Jerusalem het hy 33 jaar regeer oor die hele Israel en oor die Juda-stam.

Les: Toe ons van Dawid begin leer het aan die begin van die jaar het ons gesien dat hy nog 'n seun was wat sy pa se skape in die veld opgepas het. Gewoonlik het jonger mans die skape opgepas. Dawid is daardie tyd al deur die profeet Samuel gesalf om koning te word, maar in die tussentyd het daar baie jare verbygegaan en baie dinge het met hom gebeur. Eers nadat Saul dood was, het die tyd gekom dat Dawid koning kon word en teen hierdie tyd was hy al 30 jaar oud. Vir die eerste 7 jaar was hy koning van Juda en daarna was hy vir 33 jaar koning oor Israel en Juda.

Terwyl Dawid gewag het, was hy 'n skaapwagter. Dit het hom geleer om 'n goeie leier te wees en om om te gee vir ander. 'n Mens kan dink dat Dawid dalk al teen daardie tyd gewonder het of Samuel nie dalk 'n fout gemaak het om hom te salf nie. Hy kon ook moontlik wonder hoekom hy nog net 'n gewone mens was en nie 'n koning soos wat God hom belowe het nie. Dawid moes baie geduldig wag en glo dat God se plan met sy lewe sal uitwerk.

Party van julle het dalk aan planne begin dink om die ysie vinniger te laat smelt sodat julle die stokkielekker gouer kon eet. Net soos julle daarna uitsien om die stokkielekker te eet, het Dawid ook uitgesien daarna om koning te word, maar Dawid het geduldig gewag en nie self planne probeer maak om dit vinniger te laat gebeur nie.

Ons moet ook in ons daaglikse lewe probeer om soos Dawid geduldig te wag op dinge, want alles wat in Dawid se lewe gebeur het voordat hy koning geword het, het hom gehelp om 'n beter koning te wees.

Vra die kinders om voorbeelde te noem van die dinge wat Dawid voorberei het om 'n koning te word. (Byvoorbeeld: hy moes leer om Saul se woede te hanteer; hy moes op God vertrou om Goliat te verslaan; hy moes leer om nederig te bly al was hy baie gewild na sy oorwinnings; ens.)

Vra die kinders om dinge in hulle eie lewens te noem wat hulle kan help ontwikkel om God se doel vir hulle elkeen te vervul.

Gebed: Here, help my om elke dag meer geduldig te wees en te besef dat U 'n plan met my lewe het. Help my ook om U plan met my lewe te ontdek en gebruik my waar U wil. Amen

Afsluiting: Aan die einde van die les kan elke kind sy/haar suigstokkie eet.